# Strykstok bou 'n Plaas

## Die Boerehart van Hendrik Susan hunker na Haarlem

Vyftien myl buite Piet Retief, naby die pad na Amsterdam, aan die grens van Swasiland, het Hendrik Susan 'n plaas gekoop wat voorheen aan familie van sy vrou behoort het. Hy is op die oomblik besig om geld te verdien om sy twee seuns en sy vrou in staat te stel om die plek tot 'n modelplaas om te skep. Soms kom hy vir 'n paar dae uit Johannesburg daarheen om te kyk hoe die werk vorder en te droom van die dag wanneer dit vir hom ook moontlik sal wees om al sy aandag aan die plaas te bestee.

OMTRENT twaalf myl uit Piet Retief op die pad na Amsterdam hou ek stil by 'n ou jong wat in die pad aanslenter.

„Outa," vra ek, „kan jy my sê waar baas Hendrik Susan woon?"

„O, my baas hy meen daardie mense wat die nooi hy bly by die plaas en die baas hy speel die kitaar in Johannesburg?" vra die jong voordat hy verduidelik waarlangs die pad gaan.

Die ou skepsel het natuurlik nie die verskil geken tussen die ghitaar wat met die vingers getokkel word en die een wat met die strykstok gekielie word nie, maar origens het hy die toestand taamlik noukeurig weergegee. Hy het ook 'n fout begaan as hy gemeen het dat mev. Susan nog die boerdery waarneem, want die twee seuns, Clarence en Leon het nou die bestuur van die plaas oorgeneem en een besoek aan die plaas lewer genoegsame bewys dat hulle net sulke vaardige boere is as wat hul vader musikant is. Daar was natuurlik die jare toe mev. Susan en haar moeder, mev. Middleton, die enigste blankes op die plaas was.

Die plaas, Haarlem, grens aan die oostekant aan Swasiland en beslaan 2,500 morg van valleie, heuwels, bulte en berge. Eenmaal was dit die eiendom van mnr. Felix Middleton, skoonvader van mnr. Susan. Na sy dood het sy seun die eienaar geword en tot in 1943 op die plaas geboer. In daardie jaar het hy besluit om die grond te verkoop, en toe mnr. Susan, wat destyds in Kaapstad was, daarvan hoor, het hy onmiddellik aan sy swaer geskryf om eers bietjie te wag totdat hy die geleentheid gehad het om met hom te praat.

Die uiteinde van die saak was dat die plaas die eiendom van hierdie bekende orkesleier geword het. Dit was darem te ver om in Kaapstad te woon en 'n plaas in Piet Retief aan die gang te hou, en mnr. Susan het na Johannesburg verhuis terwyl mev. Susan en die twee seuns na Piet Retief gegaan het — sy om te boer en die seuns om op die dorp skool te gaan.

Die huisie waarin hulle toe gewoon het, en waarin mev. Susan haar die eerste drie jaar lank moes tuis maak, is omgeskep uit 'n ou stal. Die ou woonhuis op die plaas is gedurende die Engelse oorlog afgebrand en na die vrede is die ou stal tot 'n woonhuis verbou. Hendrik Susan het hierdie ou werf Kaia Lami (My Huis) genoem, en 'n afbeelding van die huis verskyn op die voorblad van sy lied „Huisie in die Berge".


Nie ver van die ou werf af nie, loop drie helder waterstrome in mekaar. Dit is, trouens, een van die dinge waarvan daar 'n oorvloed is op Haarlem. Elke klofie het 'n sterk stroom water en die rivier Hlelo vloei ook nog daardeur. Daar is uitgestrekte landerye onder besproeiing en selfs dele van die weiveld kan besproei word. Die hawer in die vleilande is van die geilste in Piet Retief se distrik en dis ook nie verbasend nie, want nie net word die lande behoorlik bemes nie, maar hulle is ook almal onder kontoerwalle om grondverspoeling te voorkom.

Ja, daar is baie water, genoeg vir die trop Afrikanerbeeste wat anderkant die bult langs die Hlelo wei, en genoeg ook vir nog baie ander doeleindes. Die Afrikaners



Hendrik Susan bou self aan 'n nuwe koeistal.

Die gesin Susan op die stoep van Haarlem. *Links na regs:* Mev. Susan, Hendrik, mev. Middleton (sy skoonmoeder), en sy twee seuns, Leon en Clarence, wat woel op die plaas.



DEUR JAN SCANNELL

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



„Die Huisie in die Berge" — Kaia Lami, op die ou werf van Haarlem, voordat Hendrik Susan dit aangekoop het.

s wel die hoofboerdery op die plaas, en waar vil jy nog so 'n beeswêreld kry soos die laeveld an hierdie plaas waarop mnr. Susan van plan om later winter en somer 'n trop van omtrent gthonderd aan te hou! Maar die beesboer-ery is nie genoeg om hierdie mense besig te ou nie.

Op die oomblik word 'n groot koeistal gebou ir die Jersey-koeie. Toe die eerste versies nige jare gelede uit die Paarl daar aangekom et, was hulle klein en maer. Die bure het na ie goed kom kyk en gelag. „Wil jy nou met afferbokke boer?" het hulle gevra. „Die goed al mos nooit hier aan die lewe bly nie; jaag ulle maar sommer dadelik in die Hlelo, dan al jy nie verdere moeilikheid met hulle hê ie."

Mnr. Susan het die beeste laat inspuit teen oiwater en galsiekte, en vandag kan hy al og met sy mooi koeie. Hy wil hierdie kudde itbrei sodat hy later omtrent driehonderd elling melk per dag kan produseer. Die room al verkoop word en die afgeroomde melk sal ebruik word om 'n varkboerdery aan die gang e hou.

Daar is reeds 'n begin gemaak met die bou an die varkhokke, maar dit sal nog baie geld n moeite kos voordat hulle voltooi is. Een van ie drie groot hoenderhuise is ook al voltooi en n paar honderd wit Leghorns is al besig om by e dra tot die bestryding van die koste wat ver-onde is aan hierdie groot onderneming.

Die werf, waarop al hierdie bedrywighede an die gang is, was vier jaar gelede nog 'n aal bult. In 1946 is die nuwe woonhuis gebou. it is 'n ruim, gerieflike huis waar alles ingerig om die taak van die huisvrou so lig moontlik e maak. Die vloere word met 'n elektriese poleermasjien opgevryf en die klere met 'n elektriese wasmasjien gewas. Die krag vir die ligte en vir die ander gebruike word op die plaas ontwikkel.

Die koeistal, hoenderhokke, varkhokke en al die ander plaasgeboue kry lopende water. Op die oomblik kom die water nog uit tenks wat uit 'n boorgat van driehonderd voet gevul word, maar die plek is al uitgemeet waar die groot opgaardam gebou gaan word. Die boorgat-water sal dan vir die huis gebruik word en die water uit die opgaardam, wat uit een van die menigvuldige strome vol gepomp sal word, vir die ander plekke op die werf.


Dit gaan waarlik 'n modelplaas word. Tot nou toe was daar nog nie geleentheid om die werf uit te lê nie, maar die dag sal kom wanneer die huis tussen uitgestrekte terrasse met groen kweek sal staan.

Daar word geen koste of moeite ontsien om die plaas so gerieflik en modern as moontlik te maak nie. Die ploegwerk word met 'n trekker gedoen nieteenstaande die paar honderd rooi Afrikaners, want, waar moontlik, moet arbeid en tyd bespaar word. Mnr. Susan glo nie aan die plakkerstelsel vir plaasarbeid nie. Toe hy die plaas gekoop het, was daar 'n hele klomp kafferstatte met 'n duisend bokke en 'n paar honderd beeste wat die veld uitgetrap het. Vandag is daar nie een stat op die plaas nie. Hy huur sy Kaffers en gebruik die veld vir sy eie vee in plaas van dit deur tollies te laat verniel.

Maar die atmosfeer van die plaas wil hy graag behou. Hy is baie trots op sy pragtige Percheron-hings. „Nee wat," sê hy, „op 'n plaas moet mens darem 'n paar perde hê wat jy voor

(*Vervolg op bladsy 66*)

Vandag pryk hierdie pragtige moderne woning op die plaas waar vroeër net die „huisie in die berge" gestaan het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# STRYKSTOK BOU 'N PLAAS

(*Vervolg van bladsy* 65)

'n waentjie kan span om die werkies om die huis te doen. Anders lyk dit mos nie na 'n plaas nie."

Op die oomblik, sê mnr. Susan, moet hy nog baie meer geld in die plaas insteek as wat opgelewer word, en mens kan dit begryp. Om hierdie rede hou hy voorlopig aan met sy werk en verskaf hy nog plesier aan duisende luisteraars oor die radio en van die verhoog af.

Wanneer die plaas eendag na sy sin reggemaak is, en die kapitaal nie meer nodig is nie, dan sal hy hom terugtrek om saam met sy gesin die vrugte te geniet van die arbeid van sy strykstok, die arbeid waarmee hy aan soveel duisende mense genot verskaf het en wat hom een van die bekendste persoonlikhede in Suid-Afrika gemaak het.

En eendag gaan ek weer na Haarlem toe. Ek sal gaan wanneer Haarlem werklik vir mnr. Susan 'n Kaia Lami geword het. Maar ek gaan nie net om weer na 'n modelplaas te kyk nie, ek gaan ook om weer eens te geniet van die gulle hartlikheid waarmee die vreemdeling deur die gesin Susan op Haarlem, hul Kaia Lami, ontvang word.

★

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012